Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

20 Junie 2023

Geagte Ouers, Personeel, Lede van die Beheerliggaam en Leerders

BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Na ‘n propvol eerste helfte van die jaar, begin ons met groot dankbaarheid die derde kwartaal van 2023.

Ons vertrou dat die leerders en personeel uitgerus is en weer uitsien na langer somersdae en goeie mid-jaaruitslae.

Die tweede kwartaal het afgesluit met die skool se Werksgeleenthede-portaal wat geloods is met die doel om werkgewers en werknemers met mekaar te verbind om sodoende die skoolgemeenskap te dien. Vir meer besonderhede, rig asb enige navrae aan werksgeleenthede@htsjv.co.za.

Die matriekleerders het tydens die afgelope vakansie die Winterskool bygewoon. Ons bedank graag die betrokke onderwysers vir hul voortgesette ondersteuning en hulp in hierdie verband.

Verskeie sportspanne het deurgedring na hulle onderskeie uitspeelwedstryde (lees gerus meer in die JV-Nuusbriewe). Ons bedank die leerders en die afrigters vir hulle deelname en volgehoue lojaliteit.

Die Huisgenoot Web het in die vakansie ‘n artikel geplaas oor die Genuine JV-sonkarspan en hulle prestasies. Dankie span; julle hou ons naam hoog!

Alhoewel die huidige Beheerliggaam in die pylvak van sy ampstermyn is, is ons kalender nog propvol en gaan planne en aktiwiteite volstoom voort.
Hiermee ‘n blik op van die aktiwiteite waarna ons uitsien hierdie kwartaal:

- Ons dink spesiaal aan die matrieks wat hierdie kwartaal Rekordeksamen gaan aflê en vertrou dat dit goed sal afloop. Ons wens elke leerder en die matriekonderwysers net die beste toe.
- Verder sien die matriekleerders uit na hulle 40-dae-vieringe, asook die Matriekafskeid wat op 28 September 2023 sal plaasvind.

- Die Gerat Klerewinkel wat op die skoolterrein bedryf word, het planne om aanlyn-fasiliteite aan die gemeenskap te verskaf. Ons loods ook hierdie kwartaal ons JV-ondersteunershandelsware. Hou asseblief ons sosialemediablaaie dop.
- Die Genuine JV-sonkarspan neem in Oktober deel aan die Ilanga Cup te Red Star Raceway in Delmas; voorbereidings vir hierdie geleentheid het reeds begin.
- Die nuwe JV-raad neem hierdie kwartaal die leisels oor en ons vertrou dat dit ook goed sal verloop. Ons bedank ook die JV-raad van 2022/2023 vir hulle volgehoue diens en ondersteuning.
- Verskeie onderwysposte is gevul. Ons verwelkom graag mnr Hein Malan in die Tegnologie Elektries-afdeling en me Melissa Liebenberg in die Wiskundedepartement.

'n Spesiale woord van dank aan die skoolbestuur en personeelkorps vir u harde werk en ondersteuning. Julle bydrae tot die die dag-tot-dag sukses van JV-land is van onskatbare waarde.

En dan laaste, maar nie die minste nie, soos altyd ook 'n groot dankie aan die Beheerliggaam-span vir harde werk, laataand-ure en uitstekende insette tot die beste belang van die skool.

Ons bedank dan ook elke ouer vir u voortgesette ondersteuning en hoop en vertrou dat ons steeds op ons ouergemeenskap se ondersteuning kan staatmaak.

Ons sien uit na 'n propvol derde kwartaal saam met u.

Dr Marlize Kantor
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM, HTS JOHN VORSTER